MARCH / MAART 2007 Jg/VOL 15-1

BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA / Newsletter of the Free State Section of the MCSA

RECOGNISING A STROKE

The following information can prove useful in case of a collapse during an outing.

A prominent neurologist says that if he can get to a stroke victim within three hours he can reverse the effects of a stroke – totally. He said the trick was getting a stroke recognized, diagnosed and getting to the patient within those critical 180 minutes.

The trouble is that sometimes symptoms of a stroke are difficult to identify. People may suffer a mild stroke and the only immediate symptoms might be a stumble or a sudden fainting spell, which may be attributed to dizziness, heat, fatigue or a number of other causes. People undertaking strenuous exertion on a hot day can suffer strokes, as several do on the Two Oceans Marathon and Argus Cycle Tour every year.

Unfortunately the lack of awareness spells disaster. The stroke victim may suffer brain damage or death when people nearby fail to recognize the symptoms of a stroke.

Now doctors say a bystander can recognise a stroke by asking three simple questions:

- Ask the individual to smile.
- Ask him or her to raise both arms.
- Ask the person to speak a simple sentence coherently – i.e. "it is sunny today", or to confirm his/her name and address.

If he/she has trouble with any of these tasks, seek medical assistance immediately. Widespread use of this test could result in prompt diagnosis and treatment of the stroke and prevent brain damage.

(*Mountain Ears*, no 81, December 2005, p 3)

"Indien wyn op die korrekte wyse verouder word, word die gehalte daarvan ook verbeter. Dit is dan ook die verklaring vir die gehalte en kwaliteit van ons lede. Slegs 12 van ons lede is jonger as 39 jaar. Hierdie is 'n nasionale verskynsel in die Bergklub wat dringende aandag verg".

MCSA eNews, 2006/07-1

INSIDE THIS ISSUE:

THE WEST-HIGHLAND WAY (PAT FOURIE)

DIE ONDERPUNT VAN DIE AARDE (MOLLIE SMIT)

BESKERMING TEEN DIE AFRIKA SON

OOR DIT EN DAT

Die “West Highland Way”

Pat Fourie

Molly soebat my om ’n artikel oor die “West Highland Way” te skryf — wel hier is dit nou!

Ek en Louis het die voorreg gehad om in Julie 2000 die “West Highland Way” in Skotland te stap.

Die roete is 149.6 km (93 myl) lank en begin by ’n hardewarewinkel in Milngavie, ’n noordelike voorstad van Glasgow. Hier begin jy net stap: meld nêrens aan nie, betaal nie ’n deposito of stapfooi nie, voltooi nie ’n vrywaringsvorm nie, jy begin net stap!

Die roete loop deur talle dorpies, klein gehuggies en plase. Daar ’n verskeidenheid plekke waar die stappers kan oornag. In die groter dorpies is daar kampplekke waar jy aanmeld, ’n minimale bedrag betaal en jou tent opslaan. Die geriewe was gewoonlik uitstekend. Dan is daar ook heelwat hotelle en gastehuise op pragtige plekke in die platteland geleë, soos byvoorbeeld langs Loch Lomond. Op die gronde van dié hotelle kan jy verniet kamp en as jy wil, aandete of ontbyt in die hotel nuttig. En waar jy ook al kamp of bly, kan jy by die hotel of winkel in die kampgronde vra vir die ‘hikers lunch’. Vir £3 kry jy twee toebroodjies, ’n vrug, ‘n sjokeladestafie en ’n sappie. Eintlik, volgens die pamflette en gidsboeke kan jy jou tent op letterlik enige plek opslaan. As jy wil en as jy genoeg ponde het, kan jy ook in enige van die hotelle of gastehuise oorbly, mits jy vooraf bespreek het.

Die roete neem jou deur van die mooiste natuurtonele van die Skotse platteland. Eers plase en bosse. Die tweede en derde dag stap mens op die ou Romeinse militêre paaie langs die pragtige Loch Lomond. Op dié twee dae langs die meer sien mens ook die eeueoue kastele wat op die eilande op en langs die meer gebou is. Hier kom jy agter hoe baie paaie, voetpaadjies en weë daar is wat ver in die verlede die verskillende dorpies en gemeenskappe met mekaar verbind het.

Dit is hier langs Loch Lomond wat Louis sy Moses met die muggies teëgekom het. Volgens hom sou die goggatjies, kleiner as ons muggies, hom nie byt nie – gevolglik smeer hy toe niks aan nie. Dit is nie lank nie of dit lyk kompleet of hy masels het met honderde rooi knoppies oor sy hele lyf!

Op die derde dag begin Louis se rugsak se heupgordel lol. Dit is opdraande en dis warm. (Die Skotte was nogal self verbaas dat die son vir drie dae na mekaar geskyn het). Ons eet middagete by die volgende dorpie Inverarnan by Drovers Inn in ’n 18de eeuse gebou en ons besin oor Louis se rugsak. Daar is nie veel ander besighede of winkels in dié dorpie nie, maar gelukkig sien ons ‘n bus met die naam ‘Tyndrum’ op sy ruit aankom. Ons weet dat ons ook deur Tyndrum moet stap en laai dus ons sakke op die bus en ry verder. Op Tyndrum kon Louis gelukkig sy sak regmaak.

Na Tyndrum besef ons dat ons al nader aan die Skotse Hooglande kom.

Die volgende dag stap ons oor heuwels wat oortrek is met pers heide. Ons steek twee oer-oue brûe oor en stap tussen die Glencoe-berge deur waar die MacDonalds en Campbells tussen 1689 en 1745 in bloeddorstige gevegte mekaar amper uitgeroei het. Ons gaan met ’n skihyser tot bo-op die berg Buachaille Evita Mŏr. Selfs in die middel van somer is die berg nog steeds met sneeu bedek.

Op dag ses bestyg ons die berge verder met die ‘Devil’s Staircase’. Die uitsig is asemrowend mooi. Behalwe vir die pragtige berge, kan ons ook die Blackwater Reservoir sien wat soos ’n diep-blou meer tussen die berge geleë is. Die reservoir is tussen 1905 en 1909 gebou en voorsien steeds hidro-elektriese krag aan duisende huise en besighede. Hier loop ons ook weer op die ou Romeinse militêre pad wat uit die hoë berge, al kronkelend af in die klowe oor vele stroompies tot in Kinlochleven loop - ’n dorpie aan die wal van Loch Leven. Kinlochleven is ’n ‘moderne’ dorpie wat gebou was om die duisende mense te huisves wat betrokke was met die bou en ontwikkeling van die reservoir en die hidro-elektriese stelsels. Ons oornag in ’n jeughostel -nogal luuks met stapelbeddens, duvets en jou eie klein badkamer, vir €10 per persoon. Voorwaar ’n bonus.

Die laaste dag na Fort William is die langste. Ons besorg ons sakke by Travilite en stap lig deur klowe met grys klippe, kilometers ver. Skielik maak die kloof oop om ’n uitsig op Ben Nevis, die hoogste berg in Groot Brittanje, te gee. Dit is ’n baie spesiale gevoel want ons besef die einde van die “West Highland Way” is in sig. Die afdraandpad na Fort William met die berg aan ons regterkant is boomryk, met kleurvolle veldblomme langs die paadjie. Soos ons nader aan Fort William kom, besef ons dat ons in sewe dae bitter min verkeer teëgekom het, en dat ons glad nie in aanraking gekom het met mense wat haastig op pad êrens heen was nie.

Ons besef veral dat ons deel was van die mooiste natuurtonele van die Britse Eilande. Wat ’n voorreg!

Loch Leven langs die dorpie Kinlochleven

Devil’s Staircase

Foto’s van die webblad: www.andysweet.co.uk

DIE ONDERPUNT VAN DIE AARDE

MOLLIE SMIT

Harry Darlington, hoofstuurman op Finn Ronne se 1946-8 Antarktiese ekspedisie het die volgende te sê gehad: *"It's just that there are some things women don't do. They don't become Pope or President or go down to the Antarctic".* Nogal. Wel, hy het hom deeglik misgis. Op my reis na die suidelikste, hoogste, grootste, onherbergsaamste, droogste, eensaamste, mees afgeleë, onbekendste en koudste (-90ºC) kontinent, het ek by drie basisse vroue aangetref, en dan was hulle beslis ook fraai. Hoe hulle dit regkry om so pragtig te bly, weet ek nie, want net drie tot vier ure per dag in die wind en weer, was genoeg om my vel in 'n fyn rasper vol plooie te verander.

Imagine a place as big as the U.S. and Europe combined. Sunnier than California, yet colder than the freezing compartment of your refrigerator. Drier than Arabia and higher than mountainous Switzerland. Emptier than the Sahara. Only one place fits this description. It's Antarctica. The strange but beautiful continent at the bottom of the earth. (Joseph M. Durant).

My seereis het een koue sneeumiddag by Ushuaia, die suidelikste stad op aarde begin:

The old man [woman] knew he [she] was going far out and he [she] left the smell of the land behind and rowed [kom ons vervang dit maar met 'seil'] out into the clean…smell of the ocean. (Ernest Hemingway).

Ons eerste besoek is aan die Falklande (8°C) waar ek verkies het om die dag op 'n plaas deur te bring en waar ek kostelike staaltjies oor die plaaslike bevolking se wedervarings gedurende die oorlog aanhoor het. *"We thought there would be a bit of a scrap on the beach, then we would all go have a glass of sherry and I'd tell them to go away and jolly well not come back" (Goewerneur Rex Hunt se weergawe van die Argentynse inval).* Die mense daar is beslis nie agterlike analfabete nie en het hul voete vas op moeder aarde. Hulle is fanaties lief vir hul eilande.

Toe is ons na Suid-Georgië. A! Suid-Georgië! Britse afhanklike staat. Ysberge, pragtige baaie, fjords, sneeuspitse, pikkewyne, en nogmaals pikkewyne, robbe, gletsers. Alles in oorvloed. Onbeskryflik mooi.

Christopher Robin was sitting outside his door, putting on his Big Boots. As soon as he [she] saw the Big Boots Pooh knew that an adventure was going to happen" (A. A. Milne).

Na 2½ dae op see klim ons in ons waterstewels, rooi parkas en reddingsgordels en gaan ons met opblaasbote aan wal by Salisbury Plein (7ºC). 40 000 luidrugtige koningpikkewyne, grotes en kleintjies, is die wêreld vol met pels- en olifantrobbe tussenin. Die skip se wetenskaplikes het ons klomp toeriste die rooibaadjiepikkewyne genoem, 'n nuutontdekte spesie volgens hulle.

Die volgende oggend in kalm weer, met ‘n blou hemel en in ‘n asemrowende omgewing, neem die bootjies ons na Stromness Hawe (6º), ’n voormalige walvisstasie en die grootste skeepsherstelwerf in die Suidelike Oseaan gedurende die walvis-era. Die pelsrobbe is nogal aggressief. Ek verkies ’n staptog na die waterval waar Sir Ernest Shackleton en twee van sy bemanning baie verswak en afgerem met toue afgeseil het op soek na hulp. “*Difficulties are just things to overcome after all” (Sir Ernest Shackleton).* Dit is ’n buitengewone verhaal. Kontak my as julle meer wil weet, of kry ’n boek in die biblioteek.

Ons sien ook ongeveer 47 van die eiland se 2000 takbokke wie se voorsate ingevoer is. Hulle is nadelig vir die ekologie maar word in vrede gelaat sodat die verskriklike winters met hul galle kan werk.

Die middag laat besoek ons in sonskyn Cumberland Bay, ’n lieflike natuurlike hawe waar ons afklim by Grytviken, ‘n voormalige walvisstasie. Ernest Shackleton is in Grytviken begrawe nadat hy hier aan ’n hartaanval beswyk het. Ek besoek “the boss” se graf. Hoër op teen die berg is ook ’n groot wit kruis: ’n vissersboot met al sy Suid-Afrikaanse bemanning het in 1998 in die omgewing vergaan.

Ek klim ook ’n hoë, steil heuwel uit vir ’n uitsig oor die hawe en turkoois Gull Lake heel bo. ’n Wandeling al met die meer langs neem my na ’n pad waarmee ek ’n sirkelroete ondertoe voltooi. Ek besoek Grytviken met al sy oorblyfsels van die verlede, onder andere ’n Noorweegse kerkie en ‘n museum. Neem asseblief kennis, Ansa.

Om 03:00 die volgende oggend staan ek op om Gold Harbour naby die suidpunt van die eiland te besoek (-3ºC). Ek het, om eerlik te wees, om 24:00 met klere en al gaan slaap, selfs my sonblokmiddel reeds aangesmeer. Dus het ek net my parka, waterstewels, warm mus, handskoene en reddingsgordel aangetrek en was ek reg vir die dag. Gold Harbour is ’n bekoorlike plek met sy agtergrond van sneeupieke en die Bertrab Gletser. Ons tref heelwat koning- en jentoepikkewyne en olifantrobbe aan. Die luidrugtige robbe beskerm hulle harems aggressief. Die kleintjies wie se ma’s in die see is om vis en pikkewyne te vang, kom tot teenaan ons en raak ons aan. Die vroeë oggendlig het fantastiese foto’s tot gevolg, veral van die koningpikkewyne, tweede langste naas die keiserpikkewyn.

As afskeid gooi die skip ’n draai in die Drygalski Fjord met sy steil kranse. Aan die eindpunt is die imposante Risting Gletser waar ons omdraai. Dit het heelwat gesneeu en baie van die dramatiese bergspitse was onsigbaar. Maar die atmosfeer was voortreflik.

En toe sit ons af na Elephant Island vir twee dae op die oop Scotia See, vernoem na ’n Skotse ontdekkingskip. Shackleton se lojale bemanning het vier maande daar op redding gewag nadat hy met vier van sy manne in ’n roei/seilboot in afgryslike stormweer na Suid-Georgië geroei/seil het om ’n reddingspoging te organiseer. Dit was nadat sy skip “Endurance”, deur pakys papgedruk was. Vir ons duur dit twee dae, vir hom 16. Teen hierdie tyd het ons al soveel ysberge gesien dat ons nie meer moeite doen om buite na die dek te storm tensy dit iets besonders is nie. En hulle word al hoe meer, hoe nader ons aan die Antarktiese Skiereiland beweeg.

Net na aandete seil ons verby die onherbergsame Cape Valentine op na Elephant Island waar Shackleton en sy manne met hul reddingsbote aan land gegaan het en toe later besluit het om die kamp na Point Wild te verskuif. Vandag was die see ietwat stormagtig en ons het taamlik rondgehardloop, *"The pessimist complains about the wind; the optimist expects it to change; the realist adjusts the sails" (William Arthur Ward).*

Daardie aand sing die manlike wetenskaplikes en Jannie Cloete, ons reisdirekteur, nie vreeslik suksesvol nie: "My home on Elephant Isle", begelei deur Chantal Sanders, ons kroegpianiste. Soos ek is Jannie ook 'n Suid-Afrikaner. Die humoristiese lied is deur Shackleton se manne geskryf terwyl hulle op hul kaptein vir redding gewag het.

Die dag na die "koorkonsert" land ons die eerste keer op Antarktika toe ons by die 1.6 kilometer lange Penguin Island (3º) aandoen. ('n Toffie vir die eerste een wat reg raai waarom dit so genoem word). Dit is deel van die South Shetland Islands. Die kinbandpikkewyn ("chinstrap") het 'n broeikolonie hier. Ons sien ook met die landingslag jentoe- en Adèliepikkewyne. Ek klim 170 steil meters na Deacon Peak vanwaar ek afkyk in die krater van 'n aktiewe vulkaan.

Daardie middag besoek ons die netjiese modulêre Poolse navorsingsbasis Arctowski (3º) op King George Island. Ons word gul deur die personeel in hul gesellige en aantreklike woonareas verwelkom. Daarna besigtig ons 'n Adèlie-broeikolonie en sien ons ook hoe vlytige pikkewyne al springende oor die groot klippe trommeldik uit die see na die kolonie terugkeer. Hulle was 'n paar dae afwesig om vis te vang.

Die volgende oggend staan ek gedienstig douvoordag op om te aanskou hoe die skip deur die verraderlike nou 'Neptune's Bellows' vaar om in die vulkaniese Deception Island se baai te kom (5º). Die eiland is soos 'n oliering gevorm, behalwe vir die ingang. Die hele groot krater is onder seewater en dit is waar ons nou is. Die gat van die oliering is 14 X 13 km en heet Port Foster. Die vulkaan is nog baie aktief - dit sien ons toe ons om 07:00 Whalers' Bay, die gedeeltelik begrawe Hektor Walvisstasie en oorblyfsels van die Britse basis, vliegtuigloods die lot, besoek. Op my steil klimtog na Neptune's Window, 'n vensterbank in die vulkaanmuur, sien ek groepe Kaapse stormvoëls kos soek. Die wêreld lê besaai met walvisgeraamtes, stukkende houtvaatjies en vreemde ouwêreldse bootjies waarvan niemand die doel kan verklaar nie. Die rommel word nie opgeruim nie omdat dit as deel van Antarktika se argeologiese geskiedenis beskou word. Ons was nêrens op ons besoeke toegelaat om enigiets, selfs die kleinste klippie, saam terug te neem skip toe nie. In Neptune's Window word ek deur ons baba-oppasser diplomaties berispe omdat ek volgens hom te na aan die afgrond staan: "I admire your spirit but please move away. There's no way we can recover your body". Pat Fourie sal beslis nie op so 'n uitstappie geduld word nie!

Later die oggend vaar 87 stuks van ons braaf met ons swemklere en parkas aan na die vulkaniese strand by Pendulum Cove, glo die beste geotermies verhitte swemstrand in Antarktika. Die "baaisessie" is toe as gevolg van die windstilte nie so erg nie. Ons baljaar in die warm water en gaan te kere soos 'n klomp baldadige skoolkinders. As gevolg van my deelname kry ek 'n sertifikaat wat verklaar dat ek nou 'n lid van die "Penguin Hot Tub Club" is omdat ek "recklessly into Antarctic Waters" geplons het. Groot pret.

Die volgende dag is ons laaste magiese dag in Antarktika. Ek staan om 02:30 op om te beleef hoe ons in bibberkoue deur die Lemaire Kanaal (Kodak Alley) met sy 11 kilometer skouspelagtige bergspitse en gletsers vaar - 3° wanneer die wind stil was. Ek het die vorige nag weer met byna al my klere vir die vroeg opstaan gaan slaap. Die skip se dekke is toe onder sneeu. Oral om ons is ysberge en –skotte. Ongelukkig kan ons nie deur die nouste deel vaar nie omdat die ys te dig is. Die skip draai netjies om. Miskien sien ek die volle deurgang volgende keer, troos ek myself met 'n beker kakao. Wat ons wel gesien het, was die vroeë opstaan werd.

"If Antarctica were music it would be Mozart. Art, and it would be Michelangelo. Literature, and it would be Shakespeare. And yet it is something even greater; the only place on earth that is still as it should be. May we never tame it." (Andrew Denton).

Later die oggend neem die bote ons deur taamlik digte ys na die Britse basis Port Lockroy op die piepklein Wiencke Island (6º). Gletsers, gletsers, gletsers. Ys, ys, ys. Berge, berge, berge. Ysberge, ysberge, ysberge. Ongelooflik! Ons sien hoe jentoe's reg om en onder die hutte broei. Ons toer ook met ons bote in en om die baai. Die digte drywende ys sorg vir opwindende probleme. Dit is 'n pragtige warm, windvrye oggend.

Gedurende middagete vaar ons deur Neymayer Kanaal, 25.6 kilometer lank en 2.4 km breed, na Paradise Bay. Die son skyn en ons kan die sneeuberge en gletsers in hul volle glorie sien. Heel eerste besoek ek die onbemande Argentynse basis Almirante Brown op die skiereiland. Vandaar klim ek 'n lang, steil helling in sagte sneeu op om die baai doer ver onder te bewonder. Om weer onder te kom, seil ek op my rug teen die sneeuhelling af. Groot pret, veral as daar skielik 'n diep gapende gat reg voor jou opduik! Toe gaan ons op 'n toer van die baai in ons bootjies om die kranse met verwronge strata, gletsers, ysberge en kleurvolle korsmos van nader te bewonder. 'n "Crab eater" rob lê op 'n ysrots ons en ignoreer. Ons enjin word afgeskakel en ons sit net woordeloos en luister. Toe die enigste man in ons bootjie begin praat, maak al die vrouens hom gelyktydig stil met "sjt", so asof dit afgespreek was.

Daardie aand hou ons in ons parkas 'n uitbundige vleisbraai in sagte skemering en perfekte weer op die verandadek terwyl die skip se Filippynse kwartet, ook in rooi parkas, musiek uit die 60's en 70's speel en die skip, so stadig dat jy dit nie agterkom nie, in groot sirkels vaar. Daardie aand om 23:30 seil die skip stilletjies tussen ysberge en –velde via die Errera Kanaal noordwaarts. Ek verkies om die mooi kanaal tussen die vasteland en Ronge Eiland deur my kajuitvenster te bewonder. So sê ek tot wedersiens aan 'n ongelooflik wonderlike vasteland. Die volgende oggend bevind ek my in die rowwe Drake's Passage op pad terug na Ushuaia.

"Antarctic left a restless longing in my heart beckoning towards an incomprehensible perfection forever beyond the reach of the mortal man. Its overwhelming beauty touches one so deeply that it is like a wound." (Edwin Mickleburgh).

SLAAN AG OP DIE AFRIKA-SON: BESKERMING IS NOODSAAKLIK

Ons Suid-Afrikaanse voetslaners is geseën met ’n groot verskeidenheid berglandskappe en wonderlike natuurskoon, met ’n lekker klimaat vir buitelugaktiwiteite.

Omdat ons meer geneig is om in die somermaande staptogte aan te pak, moet ons deeglik met die Afrika-son rekening hou. Sodra die son warm begin raak, is dit nodig om ’n paar feite oor sonbrand en sonbeskerming in berekening te hou.

Wat enige stapper moet onthou, is dat jy nie net vir ’n paar uur aan die son blootgestel is tydens ’n staptog nie, maar tot soveel as agt uur per dag. In agt uur kan die somerson jou behoorlik flenters brand. Wees dus gewapen met ’n ordentlike sonhoed (met ’n breë rand) en goeie sonroom.

Daar is ook ‘n paar ander belangrike dinge wat jy moet weet as jy die berge gaan invaar en so lank in die son gaan deurbring. Die soort klere wat jy dra, speel ook ’n belangrike rol. Die son se ultraviolet-uitstraling (UVR) kan deur materiaal dring. Om dit te bepaal, hou die materiaal teen die son - as jy die son daardeur kan sien, sal die UVR jou vel bereik. ’n Katoen T-hemp laat byvoorbeeld soveel as 15% UVR deur.

Die posisie van die son bepaal hoe vinnig jy sal brand. Hoe nader aan 90° van die aarde se oppervlak af, hoe korter is die pad vir die sonstrale deur die atmosfeer. Daarom word minder UVR gefiltreer, wat eenvoudig beteken dat die son jou vinniger sal brand. Jy moet dus veral tussen 10:00 en 15:00 jou behoorlik teen die son beskerm.

Wolke filtreer wel die son se UVR, maar nie genoeg om jou te beskerm nie. Jy het seker al agtergekom dat ’n mens ook kwaai op ’n bewolkte dag kan brand – juis omdat ’n mens dit nie verwag nie. Dis ook algemeen bekend dat die son jou wel kan brand terwyl jy in die water is.



Hoogte bo seevlak is ook ’n belangrike faktor, vir elke 300 meter wat jy bo seevlak styg, is daar ’n 4% toename in direkte uitstraling van die son. Op die Hoëveld is ons dus blootgestel aan 20% meer direkte uitstraling as by die see en as jy bo-op die Drakensberg is (3 000 m bo seevlak), aan 40% meer direkte uitstraling. Geen wonder ’n mens brand daar so vinnig nie!

Nog ’n faktor om mee rekening te hou, is die reflektering van die son se strale. Die son kom jou nie net van bo af by nie, maar ook van onder. Sowat 17% van die UVR word deur sand gereflekteer, 25% deur gras, 5% deur water en ’n vreeslike 85% deur sneeu. ‘n Sonhoed of selfs ‘n sambreel beskerm jou dus nie genoeg nie – jy sal maar die sonroom ook moet aansmeer. Dra gerus ’n goeie sonbril tydens ’n staptog, verkieslik een wat ’n minimum beskerming van UV400 bied.

Sien toe dat jy ’n goeie sonroom gebruik, verkieslik iets wat waterwerend is, anders sweet ’n mens dit net af. Dit help ook nie om net eenmaal aan te smeer deur die dag nie. Smeer voor 10:00 aan, en weer so teen 12:00. Gebruik ’n sonroom van verkieslik faktor 15 om jou behoorlik te beskerm.

(*Volksblad:* By, 21 Oktober 2006, bl. 25)

EXCERPTS AND FACTS FROM THE MCSA SECTIONS' ANNUAL REPORTS 2005 THAT WON'T MAKE IT INTO THE 2005 JOURNAL (K & P).

Which thousands-of-years-old invention is preventing members from accessing Mountain Club huts? Here are some clues: they're made of abundantly-accessible stuff (almost any metal), they are as cheap as chips (costing only a few rand), they are easy to make (most take about two minutes from request to finished item), every single person reading this will have at least one in their pocket or close by – possibly a whole bunch of them, and there's a place that makes them in every single shopping mall in the country. Yes – the simple key. According to one Section: "hut access remains a problem, mainly due to the fact that there is only one key available and concerted efforts are being made to obtain more keys." Concerted effort? Come on guys, it's a key, not a time machine!

Still on the lock-and-key theme, several padlocks to Club property "appear to be faulty, but this is a legacy of some keys being cut too long". The solution is helpfully provided: simply insert the key, twist gently and pull back slightly. Maybe they ARE time machines? (And what if nobody let you know beforehand and it is raining?).

One Section that appears not to have these problems reports that "our Section is very lucky to have eager and competent leaders, which allow us to have a full and exciting meets program". Strange? Yes, but the next sentence provides the solution: "we often gave the young members the task of being a meets leader. They handled this challenge very well". Oh, well then, that's how you did it! Other Sections made the mistake of providing a choice - "GIVING young members the task" never occurred to them.

Later in the same report, we read that: "Four work meets were held and enthusiastically attended by young members".

One Section reports "an embarrassing search for two of our 'ou-bulle' who took the wrong turn in a torrential downpour (read: "misty") moment in x. Fortunately for the ego's of the embarrassed "bulle", two subsequent searches for nature conservation rangers and hikers in this same wilderness reserve justified their claim that x is one of the easiest places in South Africa to get lost in… EVEN if you are a Mountain Club member!

And on a serious note, we still - mercifully - have philosophical folk in the Club: "Mens het in die proses terdeë bewus geword dat hierdie Afdeling baie besonders is en dat die belangstelling wat sy lede deel, iets is wat baie kosbaar en verrykend is"

Hacking parties to maintain properties free from aliens were – apparently – very poorly attended, "much to the disgust of the convener". Don't we know that feeling… (Oi, why not "give" the task to younger members. That'll teach 'em!).

An avid hiker notes wryly: "met al die voertuigprobleme wat van ons lede ervaar het, is ek dankbaar dat ons stappers is". Indeed: clearly he/she was on the following trips: "Ons het weer oor die afgelope jaar die voorreg gehad om 'n verskeidenheid plekke te besoek en besondere ervarings is in die berge en in die natuur opgedoen. Ons was ook gelukkig dat al ons uitstappies goed verloop het, sonder enige rampspoed behalwe herhalende voertuig probleme van 'n 'sekere' voertuig."

And this gem from a Section's report: "The dining enclosure is usually erected near the kitchen but in this case no pegs could be put in the hard rocky surface so no enclosure was erected - but a 'Darryl Bailey' screen was erected on the nearby bank to give some protection to the wind". Who on earth is this Darryl Bailey and where can we get one of his/her screens? MacGyver here he comes!

DIT EN DAT

DIARISE THE INCA TRAIL

Our section is planning to hike the famous Inca Trail over a period of 5 days from Cusco, the capital of the Incas, to Machu Picchu, the Lost City of the Incas during the first semester of 2009. Every year thousands of visitors from all over the world stand in awe of the spectacular ruins of Machu Picchu, with its palaces, temples, plazas, dwellings, steps and terraces. The trail will take us through beautiful valleys and spectacular mountain passes while we visit extensive archaeological sites along the way. We shall also climb the peak of Huayna Picchu to gaze at the view in all directions but especially at Machu Picchu spread-eagled below us.

The picture is a familiar sight of Machu Picchu captured by countless photographs in brochures and magazines, which greets one on arrival at Intipunku, the Sun Gate. Despite the thousands of photographs that are available of this well-known site, nothing quite prepares one for what one is about to experience. As a tourist writing on the Internet confessed: "I was totally overwhelmed by the reality of what I saw".

Molly Smit will do the initial investigation into costs and other possibilities, and the planning of the itinerary of the tour. We shall explore the possibility of including a visit to the Amazon or the Andes for those who wish to extend their visit to Peru. More information will be made available in forthcoming issues of the Billi. Meanwhile, start planning and saving ahead for this spectacular trip!

MOLLY SE WYSHEDE

(Nico, die vorige voorsitter, het op die volgende Mollie-"wysheid" afgekom terwyl hy desperaat in sy e-posse rondgekrap het om al die inligting van hierdie Billi (wat hy reddeloos verloor het) weer op te spoor).

Die meeste lede wat al saam met Molly gestap het of haar Billi-artikels gelees het, sou al soortgelyke nugter, onromantiese en moedswillig uitsprake van haar teëgekom het. Die jongste voorbeeld is weer in die tipiese Molly styl:

"Charlotte", skryf Molly, "het ook die volgende mooi aanhaling voorsien wat sy meen as 'n vuller in Billi gebruik kan word:

When men climb mountains they go in search of themselves. They seek a mastery over self, mastery over their fears, a greater self-knowledge and an enduring beauty that is not of this world.

(Reg Pearce: Barrier of Spears).

Hierop sê Molly: "Ek het nog meer teorieë oor die redes vir belangstelling in bergklim: ek weet van mense wat geklim het om die man, meisie van haar/sy drome te vang. Sodra sy/hy in sy/haar doel geslaag/nie geslaag het nie, verdwyn die ywer en belangstelling in bergklim. Sommige mense klim om masochistiese redes. Nog ander wil wegkom van hul soms moeilike vrouens/mans, skreeuende kleintjies en onmoontlike tienderjariges. Gewoonlik stel die res van die gesin nie belang nie en pa/ma het die naweek vir hom-/haarself."

DIT EN DAT

NEELS DU PLESSIS LAAT WEET UIT KANADA...

Neels du Plessis en sy vrou Louise Pienaar, wat ses jaar gelede na Saskatchewan in Kanada verhuis het, maar steeds hul lidmaatskap van die Afdeling behou, skryf die volgende:

Ons het vir drie jaar in Saskatchewan gewoon, geen berge nie en die muskiet is vermoedelik hulle provinsiale voël. Die meeste van die diere oorwinter of trek wanneer die winter toeslaan - dis net die mense wat bly vir die winter. Net meer as drie jaar gelede het ons Wes oor die Rockies gevlug na die kus toe waar die klimaat mensvriendelik is! Ons woon nou in Nanaimo wat aan die Ooskus van Vancouvereiland lê. Die uitsig Noord oor die Georgia seestraat is pragtig met die sneeubedekte pieke van die Coast Mountains, amper soos die Malutis in die winter.

Van my beste herinneringe het 'n Vrystaatse kleurtjie en geurtjie. Lede wat nie meer met ons is nie en ander wat gelukkig nog met ons is, het dit so 'n gawe ondervinding gemaak - die leiers wat allerhande gawe stappies gelei het na Dangershoek, Oxbow, Korannaberg, Royal National Park, Kompasberg, Magaliesberg, Aasvoëlberg, Sneeukop, Hanekam, ensovoorts verdien spesiale dank, maar ook al die ander mense wat graag hulle stories en liedjies, belangstellings en motorvervoer, groen mamba en gemmerbrandewyn met ons gedeel het - die vermaak rondom die kampvuur was uit die hoogste rakke.

Ons het gou geleer dat ons nie heeltemal spartaans hoef te leef in die berge nie - dit het my net die eerste uitstappie na Dangershoek gekos om te leer dat goeie en hope kos, selfs jellie met ingelegde vrugte - afgekoel in die bergstroompies - en biefstuk heeltemal in orde was! [Dis waarskynlik net Andries wat steeds hierdie gawe tradisie voortsit. – red.] Ek het net dadels, rosyne, grondbone en pro-vita gehad vir die eerste naweek (1975 as lid van Momentum), gelukkig was iemand (Schalk Theron?) so groothartig om baie kosbare gemmerbrandewyn te deel met almal om die vuur....

NUWE LEDE

Ons verwelkom graag drie nuwe lede wat by ons Afdeling aangesluit het en wie se lidmaatskap by die Komiteevergadering van 7 Februarie 2007 goedgekeur is: Coen Bezuidenhout, Erica Meeding en Leatitia du Preez. Al drie persone is kranige stappers en welkome nuwe bloed in die Afdeling. Ons hoop hulle gaan baie jare se genotvolle uitstappies met die Afdeling meemaak.

EKSPEDISIE NA RUSLAND

Charlotte beplan 'n ekspedisie na Rusland in Julie of Augustus om Trekking in die Kaukasiese berge te gaan doen en daarna miskien Mt Elbrus te klim. As julle oorweeg om saam te gaan, moet julle baie vinnig met Charlotte in verbinding tree. Kontaknommer: 0833249474.

WIT UMFOLOZI

Die nuwe Wit Umfolozi roetegids is gratis beskikbaar aan enigiemand wat vantevore 'n eksemplaar gekoop het. Stuur slegs 'n gefrankeerde koevert aan Gavin Peckham, Posbus 593, Empangeni, 3880.

NASIONALE BERGKAMP: SEDERBERGE

Die Tygerberg afdeling bied vanjaar se 'Minikamp' van 22 tot 29 September aan in 'n minder bekende, maar besonderse deel van die Sederberge. Vir meer inligting kan Derek Odendaal gekontak word by 083 291 5567.

"And so from the hills we return refreshed in body, mind and spirit, to grapple anew with life's problems. For a while we have lived simply, wisely and happily; made good friends; we have adventured well. The hills have taught us to be content".

Camera in Quathlamba."

Saamgestel deur Mercia Coetzee

Ontvang 16 April, Voltooi 1 Mei